# *140 Die lewe van 'n pionier*

## (Prediker 11:6)

1. Dit is vroeg in die dag, en die son kom nog uit,
Maar ons is al op pad
en ons bid in dié tyd
vir Gods krag.
Met ons oë nog vol slaap
staan ons vroeg reeds op straat.
Mense loop net verby,
maar vir dié wat wil praat, sal ons wag.

(*REFREIN*)

*Ons het dié weg gekies.*
*Vir Jehovah leef ons.*
*En ons volg graag sy weë en sy wet.*
*Ons volhard, son of reën,*
*Want ons wil vir hom sê:*
*"Ons sal u as ons Heer altyd eer*
*en liefhê."*

2. Aan die end van die dag, sit die son dalk al laag.
Ons is moeg, maar ons dank God,
Wat ons onderskraag;
hy gee krag.
In ons hart is geluk.
Ons het ons bes gegee,
En ons weet hierdie werk
bring groot seëninge mee, elke dag.

(*Refrein*)

(Sien ook Jos. 24:15; Ps. 92:2; Rom. 14:8.)

*snylpnw*-AF Nr. 140 3/15
© 2015 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania